Bib 23/92

LL

Saak No 463/1991

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLADELING

In die saak tussen:

PATRICK NDSIMENI NKUMASE — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: BOTHA, VAN HEERDEN *et* MILNE ARR

VERHOORDATUM: 6 MAART 1992

LEWERINGSDATUM: 13 MAART 1992

---

UITSPRAAK

---

BOTHA AR:-

Hierdie appèl spruit voort uit die bepalings van artikel 19 van die Strafregwysigingswet 107 van 1990 ("die Wet"). Die appellant is in Oktober 1988 in die Rondgaande Hof op Grahamstown deur JENNET R en assessore skuldig bevind aan moord (en ander oortredings waarop dit nie nodig is om in te gaan nie). Na aanleiding van die regsposisie soos dit destyds gegeld het, het die verhoorhof bevind dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, en gevolglik is die appellant ter dood veroordeel. Na die inwerkingtreding van die Wet het die paneel wat ingestel is kragtens artikel 19(1) 'n bevinding uitgebring ingevolge artikel 19(10), wat artikel 19(12) in werking gestel het. Gevolglik moet hierdie Hof nou, ingevolge laasgemelde artikel, die doodvonnis wat die appellant opgelê is in heroorweging neem, aan die hand van die nuwe bedeling wat die Wet tot stand gebring het. Die beginsels wat toegepas moet word en die benadering wat gevolg moet word kragtens die

wetgewing wat tans van krag is, is reeds in talle uitsprake van hierdie Hof uiteengesit. Dit hoef nie hier herhaal te word nie; dit is slegs nodig om dit toe te pas op die feite van die onderhawige geval.

Die feitebevindings van die verhoorhof waarop die appellant se skuldigbevinding aan moord berus het, kan kortliks saamgevat word soos volg. Die oorledene was 'n man van 81 jaar. Hy was die eienaar van 'n winkel, en dit was sy gewoonte om smiddaens teen ongeveer 5-uur van sy winkel terug te keer na sy huis en dan sy motorkar in die motorhuis te bêre. Die appellant het die oorledene geken. Op 'n middag het die appellant stelling ingeneem by die oorledene se motorhuis en hom ingewag. Sy oogmerk was om die oorledene te beroof. Hy was gewapen met 'n knipmes wat hy oopgeknip gehou het terwyl hy gewag het. Die oorledene het toe opgedaag, sy kar in die motorhuis geparkeer en uitgeklim. Daarna het die appellant die oorledene twee keer met die mes aan die voorkant van

die bolyf gesteek. Een van die steekwonde het die oorledene se hart binnegedring en dit het die oorledene se dood veroorsaak; die ander wond het afwaarts tot in die oorledene se lewer deurgedring. Albei wonde is met 'n taamlike mate van geweld toegedien. Dit is moontlik dat die oorledene, voordat die eerste wond toegedien is, aan die appellant gesê het dat hy die plek moes verlaat, anders sou die oorledene hom skiet, of die polisie bel, maar toe die eerste wond toegedien is, was die oorledene besig om agteruit weg te beweeg van die appellant af. Dit is moontlik dat die oorledene, voordat die tweede wond toegedien is, 'n besem in die hande gekry het en die appellant daarmee probeer slaan het, maar toe daardie wond toegedien is, het die appellant reeds die besem van die oorledene afgeneem. Nadat die oorledene op die vloer van die motorhuis geval en daar bly lê het, het die appellant die begasiebak van die motor oopgebreek en 'n tas daaruit verwyder, wat onder meer 'n aansienlike hoeveelheid geld

bevat het, waarskynlik 'n paar duisend rand. Met die tas, die geld, en ander besittings van die oorledene, het die appellant toe die motorhuis verlaat en hom uit die voete gemaak.

Die strafverswarende faktore in hierdie geval hang eerstens saam met die aard van die oortreding. Die appellant het klaarblyklik vooraf beplan om die oorledene in die privaatheid van sy motorhuis te beroof, en het hom daar ingewag, gewapen met 'n mes wat gereed was om gebruik te word. Dit is moontlik - en ek aanvaar dit ten gunste van die appellant - dat hy nie uit die staanspoor beplan het om die oorledene nou juis om die lewe te bring nie, maar terselfdertyd is dit duidelik dat hy hom voorberei het op enige gebeurlikheid en dat hy gereed was om alles te doen wat nodig sou wees om die oorledene te oorrompel. Weerstand van die oorledene was vanselfsprekend te verwagte, en die appellant het nie geskroom om sy mes op wreedaardige en dodelike wyse te gebruik om die

oorledene buite aksie te stel nie. Die appellant moes geweet het dat sy bejaarde slagoffer nie opgewasse sou wees teen hom as hy hom fisies tot oorgawe sou wou dwing nie, maar hy het nietemin nie gehuiwer om sodanige floue teenstand as wat daar moontlik was uit die weg te veeg deur nodelose en genadelose geweld nie. Dit was 'n brutale en koelbloedige moord. En dit is gepleeg enkel en alleen vir eie geldelike gewin.

As strafversagtende faktor is aangevoer die appellant se jeugdigheid. Hy was 23 jaar oud toe die oortreding gepleeg is. Daar bestaan egter geen feite-basis vir enige suggestie dat die appellant nie soos 'n volwasse mens gelewe het, of dat hy emosioneel onryp of vatbaar vir beïnvloeding was, of dat sy ouderdom op enige manier kon bygedra het tot die oortreding wat hy gepleeg het nie. Sy ouderdom kan dus nie as 'n strafversagtende faktor gereken word nie. Voorts is aangevoer dat die appellant 'n lae intelligensie het, en daarvoor is gesteun op 'n opmerking van die verhoor-

regter in sy uitspraak oor versagtende omstandighede, toe hy aan die appellant gesê het: "you are not particularly intelligent". Dit beteken egter nie dat die appellant 'n onder-gemiddelde intelligensie het nie. 'n Nalees van die appellant se getuienis in die oorkonde toon aan dat daar met die appellant se intelligensie niks skort wat as strafversagting sou kan dien nie. Maar dan was die appellant se optrede ten minste naïef, so is aangevoer. Ek kan daarmee nie saamstem nie. Die gegewens dui inteendeel op 'n optrede wat gekenmerk is deur kille berekendheid. Ten slotte is daar gesteun op die bevinding van die verhoorhof dat die appellant die moord met <u>dolus eventualis</u> gepleeg het. Dit kan die appellant egter nie baat nie. Die twee steekwonde wat die appellant die oorledene agtereenvolgens toegedien het, was met krag toegedien op dodelike plekke en het die oorledene se liggaam diep binnegedring, en die appellant het die bejaarde slagoffer hulpeloos in 'n plas bloed op die vloer van die motorhuis laat lê toe

hy hom uit die voete gemaak het. Die vooruitsig dat die oorledene sou kan sterf vanweë sy beserings was baie sterk (in die veronderstelling dat, wat die appellant betref, dit nie ŉ sekerheid was nie), en in hierdie omstandighede is die bevinding van dolus eventualis nie ŉ strafversagtende faktor nie.

Die appellant het ses vorige veroordelings. Tussen 1979 en 1986 is hy drie keer skuldig bevind aan diefstal, een keer aan aanranding met die opset om ernstig te beseer, en twee keer aan huisbraak. Vir sy eerste oortreding is hy lyfstraf met ŉ ligte rottang opgelê, en daarna is hy gevonnis tot tydperke van gevangenisstraf soos volg: 6 maande, 4 maande, 8 maande, 8 maande en 12 maande. Die onderhawige misdaad is gepleeg kort nadat die appellant vrygelaat is uit die gevangenis na sy laaste vorige veroordeling, en ná sy inhegtenisneming is hy skuldig bevind aan poging tot ontvlugting. Die appellant se rekord is nog ŉ

strafverswarende faktor.

Die gevolgtreking is dat daar in die huidige geval erge strafverswarende faktore aanwesig is en geen strafversagtende faktore nie. Om te bepaal of die doodstraf die enigste gepaste vonnis is, moet daar uiteindelik gelet word op die algemene oogmerke van straftoemeting. Die vooruitsig op rehabilitasie van die appellant is skraal, vanweë sy rekord, maar omdat hy nog nie tevore tot 'n ononderbroke lang tydperk van gevangenisstraf gevonnis is nie, kan so 'n moontlikheid nie uitgeskakel word nie. Terselfdertyd kan dit egter nie in die omstandighede van hierdie geval opweeg teen die elemente van vergelding en afskrikking nie. Selfs 'n redelike vooruitsig op rehabilitasie, soos NIENABER AR dit gestel het in S v Majosi and Others 1991 (2) SASV 532 (A) op 541e:

> "must yield to considerations of retribution and deterrence when the horror of the crime, the callousness of the criminal, and the frequency of its recurrence generally, are such that the perceptions, sensibilities and

interests of the community demand nothing less than the extreme penalty."

Die huidige is so 'n geval.

Die appèl word van die hand gewys en die doodvonnis word bekragtig.

A.S. BOTHA AR

VAN HEERDEN AR

STEM SAAM

MILNE AR